# Wit vir 'n baba

## Brei dié sierlike wit pakkie vir babas van drie tot ses maande. Saamgestel deur Annine van Reenen



### BABASTELLETJIE

**BENODIGDHEDE**
Pingouin Golden Age 3-draad (50 g-bolle); 5 bolle Silver Sheen, wit, kleur-nr. 07; paar Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3 mm; 1 ekstra twee-punt-breinaald van 2,75 mm; 1 Inox-stekehouer; 1 Inox-hekelpen van 2 mm; 2 knope; 3 meter lint.
**Let wel:** Tensy die aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

**MATE**
Om baba van 3-6 maande lossies te pas. Ware grootte: **Baadjie,** rondom, by mousgate, 50 cm; lengte vanaf skouer 29 cm; moulengte 16 cm. **Broekie,** van middeltjie tot kruis, 18 cm; rondom heupe 55 cm.

**SPANNING**
Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen. **Baadjie:** 32 ste en 42 rye = 10 x 10 cm oor koussteek, met 2,75 mm-Ne. **Broekie:** 28 ste en 56 rye = 10 x 10 cm oor reksteek, met 3 mm-Ne. Die korrekte spanning is baie belangrik; indien daar te min steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

**AFKORTINGS**
**Brei:** r – brei regs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; ks – koussteek, 1 ry regs, 1 ry aweregs; tes – tesame; gon – gare oor naald; gl – glip; rs – reksteek, elke ry regs; kn – kabelnaald; pat – patroon; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; kabel- en siersteek word uiteengesit waar toepaslik. **Hekel:** ks – kettingsteek; kb – kortbeen; grh – gare rondom hekelnaald. **Kreefsteek:** Hekel met RK voor 'n ry kb van links na regs om 'n koordjie-agtige afwerking te verkry.

### BAADJIE

Word aaneengebrei, begin by linkervoorpant.

Dié wit pakkie vir babas van drie tot ses maande is van Pingouin Golden Agedriedraad gebrei. Die patroon is 'n kombinasie van regs- en aweregssteke met 'n fyn kabeltjie om die halslyn.

foto MARIAM GILLAN
patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN

**LINKERVOORPANT**
Gebruik 2,75 mm-Ne en stel 85 ste op, brei 6 rye rs.
Brei daarna kort rye soos volg:
**1e ry:** r62, draai.
**2e ry:** Deurgaans aw.
**3e ry:** r62, aw1, gl vlg 2 ste op 'n kn en hou aan agterkant van werk, r2, r dan die 2 ste op kn, gl vlg 2 ste op 'n kn en hou aan voorkant van werk, r2, r dan die 2 ste van kn, aw1, r13.
**4e ry:** r14, aw8, r1, *r1, aw1; herh van * tot einde van ry.
**5e ry:** (r1, aw1) 31 keer, draai.
**6e ry:** *r1, aw1; herh van * tot einde.
**7e ry:** R62, aw1, r8, aw1, r tot einde.
**8e ry:** r14, aw8, r1, aw tot einde.
**9e ry:** r62, draai.
**10e ry:** Deurgaans r.
**11e ry:** r62, aw1, gl vlg 2 ste op 'n kn en hou aan voorkant van werk, r2, dan r2 van kn, gl vlg 2 ste op 'n kn en hou aan agterkant van werk, r2, dan r2 van kn, aw1, r13.
**12e ry:** r14, aw8, r tot einde van ry.
**13e ry:** r62, draai.
**14e ry:** Deurgaans r.
Dié 14 rye vorm die patroon.
Brei pat soos nou vasgestel, hou die 13 skouerstuk-ste in rs, die vlg 10 ste aan onderkant van skouerstuk in kabelpatroon en die oorbl 62 ste in siersteek, brei 2 rye oor al dié ste, dan 2 rye oor die 62 ste in siersteek, dus word slegs die helfte van die rye ook oor die skouerstuk gebrei.
Brei voort tot 89 rye altesaam gebrei is vanaf beg, eindig met 'n 13e siersteek-pat-ry.
**Vlg ry:** Brei 13 ste rs, 10 ste kabelpat en 15 ste siersteek, plaas die oorbl 47 ste op 'n stekehouer.
Stel 48 ste aan einde van die so pas gebreide ste op, om mou te brei.

**EERSTE MOU**
**1e ry:** Brei 9 ste rs, 54 ste sier-pat, draai.
**2e ry:** Brei 54 ste siersteek, draai.
**3e ry:** Brei 54 ste siersteek, 10 ste kabel-pat en 13 ste rs.
**4e ry:** Brei 13 ste rs, 10 ste kabel-pat, 54 ste siersteek en 9 ste rs.
**5e ry:** Brei 9 ste rs, 54 ste siersteek, draai.
**6e ry:** Brei 54 ste siersteek, draai.
**7e ry:** 54 ste siersteek, 10 ste kabelpat en 13 ste rs.
Brei pat soos nou vasgestel, draai op die uiteengesette manier sodat net die helfte van die rye ook oor skouerstuk en mouboordjie gebrei word.
Brei tot 112 rye siersteek voltooi is vanaf beg van mou, eindig met 'n 14e siersteekry.
**Vlg ry:** Heg 48 ste af, plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

**AGTERPANT**
Heg werkdraad aan die 47 ste, wat op stekehouer agtergelaat is, vas en brei 1 ry.
**1e ry:** Brei 47 ste siersteek; brei dan oor die ste wat op reserwenaald agtergelaat is soos volg: 15 ste siersteek, draai.
**2e ry:** Deurgaans siersteek.
Brei pat soos tevore tot 162 rye siersteek voltooi is vanaf beg van agterpant, eindig met 'n 8e pat-ry. Plaas die laaste 47 ste van laaste gebreide ry op 'n stekehouer, en hou die oorbl ste op breinaald.

**TWEEDE MOU**
Gebruik 'n bypassende naald, stel 48 ste op, brei 1 ry, brei dan voort oor die ste wat op N agtergelaat is.
**Vlg ry:** Brei 13 ste rs, 10 ste kabelpat, 54 ste siersteek en 9 ste rs.
Brei pat soos nou vasgestel, brei soos uiteengesit vir 1e mou tot 112 rye siersteek voltooi is vanaf beg van 2e mou.
**Vlg ry:** Heg 48 ste af, hou oorbl ste op N.

**REGTERVOORPANT**
Gl die 47 ste wat op stekehouer agtergelaat is op N en brei oor al die ste soos uiteengesit vir linkervoorpant, tot 84 rye siersteek voltooi is vanaf beg van regtervoorpant.
Brei 6 rye rs en heg af.

**HALSSTROOK**
Tel op en r 1 st uit elke lus van halsrand.
**Vlg ry:** *r2tes, herh van * tot einde van ry.
**Vlg (gaatjies) ry:** r1, *gon, r2tes, herh van * tot laaste st, r1.
Brei 5 rye rs en heg af.

**AFWERKING**
Blok alle pante tot regte grootte, bedek met 'n klam lap en laat droog word.
Werk mounate toe. Gebruik hekelpen van 2 mm, hekel 1 rondte kb om alle rande en maak 2 knoopsgate deur 1kb, 1ks, 1kb aan bo- en onderkant van skouerstuk te hekel. Hekel 1 ry kreefsteek oor kb-ry, en maak 2 ste in elke knoopsgat.
Knip werkdraad af. Ryg lint deur gaatjies by halsrand.
Werk knope teenoor knoopsgate vas.

## BROEKIE
Gebruik 2,75 mm-Ne en stel 152 ste op, brei 6 rye rif.
**Vlg (gaatjies) ry:** r1, *r2tes, gon; herh van * tot laaste st, r1.
Brei nog 7 rye rif.
Slaan oor na 3 mm-Ne en rs.
Brei tot werk 18 cm lank is vanaf beg.

**LINKERBROEKSPYP**
**Vlg ry:** r76, draai.
Brei rs op dié 76 ste vir linkerbroekspyp.
Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 4e ry tot 40 ste oorbly.
Brei reguit tot werk 34 cm lank is vanaf beg, eindig aan buitenste rand, brei 4 rye rif. Brei 'n gaatjiesry soos uiteengesit vir middeltjie, brei nog 3 rye rif. Slaan oor na rs en brei 2 rye.
**Vlg ry:** r20, draai.
**Vlg ry:** r14, draai.
Brei 26 rye op dié 14 ste, knip werkdraad af en heg dit aan binnerand, waar 6 ste agtergelaat is, vas. Tel op en r 14 ste uit sykant van voet, r14, tel op en r 14 ste uit ander sykant van voet en dan die 20 ste wat agtergelaat was – 68 ste. Brei 13 rye.
**Vlg ry:** r25, r2tes 2 keer, r30, r2tes 2 keer, r5.
**Vlg ry:** Deurgaans r.
**Vlg ry:** r24, r2tes 2 keer, r28, r2tes 2 keer, r4.
**Vlg ry:** Deurgaans r.
**Vlg ry:** r23, r2tes 2 keer, r26, r2tes 2 keer, r3.
**Vlg ry:** Deurgaans r.
Heg af.

**REGTERBROEKSPYP**
Heg werkdraad aan oorbl 76 ste vas en brei regterbroekspyp met omgekeerde vorming.

**AFWERKING**
Blok pante tot regte grootte, bedek met 'n klam lap en laat droog word.
Werk voorpant-, broekspyp- en voetnate toe. Maak 'n koordjie en ryg dit deur gaatjies by middel. Knip twee stukke lint van 50 cm en ryg hulle deur gaatjiesrye by enkels.


**BESTEL PATROONPAPIER**
Teken jou eie patrone na volgens diagramme op blokpatroonpapier. Elke blokkie is 2 x 2 cm. Plaas die patroonbuitelyn met behulp van kolletjies en verbind dan met 'n soliede lyn. Elke papiervel is 73 x 98 cm groot.

*ROOI ROSE*/Patroonpapier-aanbod

Stuur asseblief vir my . . . pak(ke) patroonpapier teen R5 per pak – BTW, posgeld en verpakking ingesluit.
Elke pak bevat 5 velle blokpatroonpapier.
Totale bedrag R............................
Ek sluit my tjek/posorder in, betaalbaar aan *ROOI ROSE*.
Geen kontant asseblief.
Naam:............................
Adres:............................
............................
............................Kode:............
Tel. (h)................ (w):................
Pos aan: *ROOI ROSE*/Patroonpapieraanbod, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.
Aflewering geskied binne ses weke.